# Voorwoord

Prof dr F J van Zyl neem einde vanjaar afskeid van die leerstoel Godsdiens- en Sendingwetenskap. Nadat hy op 28 Mei 1939 georden is as predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk, het hy agtereenvolgens in die gemeentes Johannesburg, Standerton, Lydenburg, Springs en Wonderboompoort gedien. In 1960 volg hy sy leermeester H P Wolmarans op as hoogleraar en bereik die 65-jarige leeftyd vanjaar na 18 jaar in die leerstoel.

Die Redaksie groet langs hierdie weg 'n kollega en vriend vir wie se persoon en wetenskaplike arbeid daar groot agting bestaan. As prediker, skrywer en dosent het prof van Zyl steeds aan hoë norme voldoen. Sy oud-studente dra hom 'n besondere liefde toe, en in die Kerk as geheel word sy leiding graag aanvaar. Hy is tans ook visevoorsitter van die Algemene Kerkvergadering, en voorsitter van die Raad vir barmhartigheidsdiens en die Redaksie van Die Hervormer.

Met dié bundel opstelle huldig die skrywers vir prof van Zyl in dankbaarheid aan God vir dié gawe aan kerk en teologie.

Ons wens prof en mev van Zyl 'n geseënde arbeid toe in hulle nuwe gemeentelike werkkring.

Namens die redaksie,
*J P Oberholzer*